Drie merkwaardige vroue gebruik hul unieke talente om terug te ploeg en 'n verskil in ander se lewe te maak

Deur ANET SCHOEMAN

PLOEG terug

Van wêreld-rekords tot sport-akademie

Elana Meyer se naam is al dekades lank sinoniem met wêreldatletiek. Nou wil sy daardie ervaring gebruik om deur Endurocad – 'n sport-akademie waarvan sy 'n mede-stigterslid is - vir ons eie talentvolle, jong atlete 'n toekoms in internasionale atletiek te verseker.

Haar reis van plaasmeisie naby Albertinia in die Suid-Kaap tot een van ons beste vroue-atlete tot nog toe, is erg gekortwiek deur die internasionale sportboikot wat Suid-Afrika tussen die jare sestig en negentig beleef het. Elana moes tot in 1992 wag voor Suid-Afrika in Barcelona uiteindelik weer aan die Olimpiese Spele kon deelneem. Sy het summier 'n silwer medalje in die 10 000 m huis toe gebring.

"Die Olimpiese Spele was 'n ongelooflike hoogtepunt, net so ook om die wêreld-kampioen in die halfmarathon te wees en vyf wêreldrekords te verbeter. Tog is die grootste hoogtepunt in my sportloopbaan die ander dinge wat daarmee saamgegaan het – ek het wonderlike vriende gemaak, die wêreld gesien en het steeds 'n aktiewe leefstyl."

Dis juis die geleenthede wat sy gehad het wat haar aanspoor om nou ander jong atlete te motiveer. In 2005 het sy gehelp om die nie-winsgewende organisasie JAG Sports and Education Foundation te stig. As 'n rolmodel het sy 'n positiewe rol gespeel om met sport-en-opvoedingsprogramme fisieke en emosionele gesondheid, sowel as persoonlike groei by kinders in hoë risiko-gemeenskappe te bevorder.

In 2013 was Elana die mede-stigterslid van ENDUROCAD, Suid-Afrika se Eerste sport-akademie wat daarop gemik is om jong talent in die land te identifiseer en die kinders tot langafstandatlete van wêreld-gehalte te ontwikkel.

"SA het 'n oorvloed van hardlooptalent maar die strukture ontbreek om die kinders te ontwikkel," sê sy.

Sy het ook onlangs met Francois Pienaar kragte saamgesnoer om in samewerking met die City of Cape Town and Western Province Athletics die verbeterde Sanlam Cape Town Marathon aan te bied.

Vir meer inligting oor Endurocad, kyk by www.enduroca.ca.za

FOTO'S VERSKAF

Vryduiker wat die oseane bewaar

Hannli Prinsloo was nog altyd bewus daarvan dat sy 'n baie sterk band met water, veral die see , het. Ietwat ongewoon vir 'n kind wat op 'n perdeplaas buite Johannesburg grootgeword het. "Ek het altyd daarvan gedroom om 'n meermin te wees", vertel Hannli. Sy en haar sussie het hul hare laat groei, so lank soos dié van Ariel, Disney se "little mermaid"; geoefen om soos dolfyne in die swembad te swem en selfs 'n "taal" ontwikkel en kamtig met geluide met mekaar gekommunikeer. Sy het so gou moontlik nader aan die see getrek waar sy vryduik "ontdek" het, 'n duikvorm waarin jy probeer om sonder suurstofsilinders so diep moontlik te duik. Hanli kon tot op 65 meter duik en ses minute onder water bly.

Dit was 15 jaar gelede en toe was vryduik 'n ekstreme sportsoort vir eksentrieke alleenlopers. Maar ná 15 jaar van mededingende vryduik en elf nasionale rekords het Hanli gevoel daar moet meer wees as dié duikery.

En daar was meer. Sommer baie meer. Dit het sy agtergekom toe sy op 20 m tussen 'n skool "spinner dolphins" baljaar het. Sy het besef dat mense net bewaar wat vir hulle kosbaar is en net besef dis kosbaar wanneer hulle die kennis het.

Die jaar daarna het sy I AM WATER gestig wat sy saam met haar vennoot, die Amerikaanse swemmer en wêreld-rekordhouer, Peter Marshall bedryf. "Dis ons missie om 'n fisieke en emosionele band tussen die marine-omgewing en die mens te skep en hul gedrag te verander sodat dit tot albei se voordeel is en oorlewing verseker."

Met I AM WATER wil Hanli veral mense wat naby die see bly, help om 'n verhouding met die see te ontwikkel sodat hul kan verstaan hoe kosbaar hierdie bron is. Buiten die bewustheidsaspek leer sy kinders wat naby die kus bly, soos die weeskinders in Mosambiek, swem en snorkel om hul liefde vir die oseaan en hul bewaringspassie aan te wakker.

Vir meer inligting, besoek www.iamwaterfoundation.org

Perde bring mense tot nuwe insigte

Yolanda Sing was met haar honneursgraad in sielkunde besig toe sy die helende kragte van perde ontdek het. Sy het in Spanje meer oor perde gaan leer en heel nuwe insigte oor haar eie lewe ontwikkel.

"Ek was 'n suksesvolle menslike hulpbronbestuurder, maar het geen vreugde uit my spanningvolle werk geput nie. My werk met perde het my laat besef dat die lewe te kort is om jou passie te versaak. Jy kan nie sterf met 'n stem in jou hart wat nie uiting gekry het nie."

"In 2005 het 'n breingewas my finaal laat besef dat ek moet besluit wat werklik vir my belangrik is." Gelukkig is Yolanda ná 'n breinoperasie, chemo en bestraling in remissie en sien sy hierdie ingryping as 'n kosbare kans om ander mense te help om meer bevrediging uit hul werk en lewe te put.

Tog het sy ook geleer dat enige verandering groot uitdagings bring en dat jy bereid moet wees om terugslae tromp-op te takel om jou droom te verwesenlik. "Ek kan nie glo hoe goed dit vandag gaan in vergelyking met die begin nie."

Die moeilike tye in haar lewe het ryp ervaring gebring wat sy later in haar eie leierskap-ontwikkelingkursusse kon gebruik om ander te help wat dieselfde uitdagings moet oorwin.

"Ek gebruik perde om mense tot nuwe lewensinsigte te bring. Perde intimideer mense omdat hulle sulke groot diere is. Dit skep die geleentheid om hulle te help met die ontwikkeling van 'n bewussyn waar titels nie belangrik is nie. 'n Perd is ook 'n spieël vir die energie en ingesteldheid van diegene wat met hom werk. Ek slaag daarin om mense nuut te laat dink omdat hulle buite hul gemaksone is. Hulle sê vir my dis 'n ervaring wat hul lewe verander.

*Equine Asssisted Learning (EAL) word as een van die nuwe velde vir leierskapsontwikkeling beskou omdat eksperimentele aktiwiteite met perde die werklikhede van die lewe reflekteer. **rr**

Meer inligting oor Yolanda se kursusse en boek, Power in the Paddock, by www.chloeinsa.co.za